# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/10)*

*Justin Chadwick (27 Augustus 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK “Character is like the foundation of a house - it is below the surface.” Anon

## SITRUS GRONDVESBLOK (SGB)

Die SGB is as die Outspan Grondvesblok in 1980 gestig – dit maak 2010 die 30-jarige herdenking van hierdie waardevollle bedryfsbate. As daar na die stand van sommige sitrusbedrywe regoor die wêreld gekyk word, met siektes wat wydverspreid boomverliese en afname in opbrengste veroorsaak, moet die wysheid van die vorige leiers van die sitrusbedryf in die stigting van ‘n uitgebreide Sitrus verbeteringskema (SVS), met die OGB as die kern, geprys word. Meeste produsente begryp die belangrikheid van die SGB vir die sitrusbedryf – baie voel inderwaarheid dat die verkryging van die SGB die belangrikste skuif is wat CGA/CRI ooit gemaak het. Vir die wat nie die belang van die SGB en die SVS besef nie, dink aan wat jy as vanselfsprekend aanvaar – dat die gesertifiseerde bome wat jy plant siektevry en tipe-eg is. Wanneer jy dink dat dit drie tot vier jaar neem alvorens die boom enige verdienstes kan lewer en sewe tot ag jaar voor jy gelyk kan speel – is dit nie gerusstellend om te weet dat die boom deur ‘n streng proses gegaan het om te verseker dat jy ‘n volle leeftyd van die boom sal kry nie?

En as die SGB die grootste bate is waaroor CGA/CRI beskik, dan moet Thys du Toit een van die mees waardevolle werknemers wees. Tydens die CRI Navorsingsimposium het beide CRI en SACNA aan Thys erkenning verleen vir wat hy vir die bedryf gedoen het. Sy aandag aan detail by die SGB is wat hom van die res onderskei het – en wat verseker het dat die SVS suksesvol is. Baie geluk aan Thys en al die ander by die SGB vir 30 jaar van uitstekende diens aan die bedryf – en ons wens julle nog baie meer.

## SUIDELIKE HALFROND UITVOERE NA DIE EU

FruiTrop het onlangs hul Statistiek Jaarboek vrygestel – sluit uitvoere van alle vrugte en groente na die EU in 2008 en 2009 in. Daar is ‘n paar interessante feite beskikbaar as die syfers geanaliseer word:

Vir sagte sitrus en pomelo’s is presies dieselfde volume (min of meer) in beide jare na die EU vanaf die suidelike halfrond se lande uitgevoer. Vir sagte sitrus het volumes vanaf Suid-Afrika, Peru en Chile afgeneem terwyl Argentinië, Uruguay en Australië toegeneem het.

| SAGTE SITRUS (Ton) | Suid-Afrika | Argentinië | Uruguay | Peru | Chile | Australië | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2008 | 70 389 (41%) | 36 243 (20%) | 31 046 (18%) | 30 981 (18%) | 4 886 (3%) | - | 173 545 |
| 2009 | 65 167 (38%) | 46 316 (27%) | 33 904 (20%) | 23 413 (13%) | 2 249 (1%) | 2 214 (1%) | 173 263 |

Vir pomelo’s het Suid-Afrikaanse en Zimbabwiese volumes effens toegeneem met ‘n effense afname in Argentynse en Swazi volumes.

| POMELO’S (Ton) | Suid-Afrika | Argentinië | Swaziland | Zimbabwe | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| 2008 | 86 852 (79%) | 12 351 (12%) | 9 260 (8%) | 1 409 (1%) | 109 872 |
| 2009 | 88 568 (79%) | 14 893 (13%) | 6 707 (6%) | 1 947 (2%) | 112 115 |

Die grootte van die EU mark vir Suidelike Halfrond se sagte sitrus en pomelo’s was oor die afgelope twee jaar stabiel.

Vir lemoene en suurlemoene is die situasie dat die EU baie minder vanaf die Suidelike Halfrond in 2009 ingevoer het in vergelyking met 2008. Dit was grootliks weens ‘n voorsieningsgedrewe reaksie - met Argentinië waar minder suurlemoene en Suid-Afrika waar minder lemoene beskikbaar was; die resessie het egter wel die aptyt vir ingevoerde vrugte laat afneem.

Vir lemoene - Uruguay was die engiste bron met verhoogde volumes, alhoewel markaandeel vir Argentinië, Uruguay, Zimbabwe en Swaziland almal ten koste van Suid-Afrika verhoog het.

| LEMOENE (Ton) | Suid-Afrika | Argentinië | Uruguay | Brasilië | Zimbabwe | Swaziland | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2008 | 454 233 (68%) | 96 350 (15%) | 57 700 (9%) | 26 091 (4%) | 16 582 (2%) | 14 878 (2%) | 665 834 |
| 2009 | 333 254 (64%) | 81 671 (16%) | 59 293 (11%) | 16 217 (3%) | 13 517 (3%) | 12 983 (3%) | 516 935 |

Vir suurlemoene - alhoewel die volumes aansienlik afgeneem het, het die markaandeel nie werklik verander nie.

| SUURLEMOENE (Ton) | Argentinië | Suid-Afrika | Uruguay | Chile | Brasilië | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2008 | 267 806 (78%) | 64 789 (19%) | 10 002 (3%) | 1 353 | - | 343 950 |
| 2009 | 163 814 (76%) | 38 932 (18%) | 10 167 (5%) | 1 888 (1%) | 652 | 215 453 |

## GEPAK EN VERSKEEP

Pomelo’s wat gepak is, is nou op die nuutste syfer wat voorspel is en terwyl daar nog steeds gepak word (veral in Swaziland en KZN), is dit moontlik dat die finaal van wat gepak is nader aan die oorspronklike skatting sal wees. Met 600 000 kartonne mandaryne nog kort op die skatting, is dit moontlik dat die sagte sitrus se voorspelling in die kol sal wees. Nawels blyk om onder-geskat te wees, terwyl die Valencia Fokusgroep op Woensdag vergader het en hul skatting onveranderd gelaat het.

| Tot Week 33<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skattiing | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo’s | 12.6 m | 13.6 m | 12.2 m | 12.8 m | 10.5 m | 12.6 m | 12.2 m | 14.2 m | 13.7 m |
| Sagte Sitrus | 7 m | 6.5 m | 7.2 m | 5.5 m | 5.9 m | 7.5 m | 7.9 m | 6.8 m | 6 m |
| Suurlemoene | 9 m | 7.9 m | 9 m | 6.5 m | 6.8 m | 9 m | 9.2 m | 8.7 m | 7.7 m |
| Nawels | 20.8 m | 19 m | 23 m | 17.6 m | 19.7 m | 21.4 m | 23 m | 19.4 m | 19.1 m |
| Valencias | 24.1 m | 22 m | 26.5 m | 13.3 m | 15 m | 41.3 m | 41.5 m | 38.5 m | 35.3 m |
| Totaal | 73.5 m | 69 m | 77.9 m | 55.7 m | 57.9 m | 91.8 m | 93.8 m | 87.6 m | 81.8 m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS’ ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**